*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 21 Mei 2021*

***"Seeing ourselves as others see us would probably confirm our worst suspicions about them" Franklin P Adams***

**AANBIEDING DEUR ERIC IMBERT: WÊRELD-SITRUS ORGANISASIE (WCO) AJV**

- Eric se aanbieding het op die suidelike halfrond se sitrus-inligting gefokus. Dit het 'n paar interessante feite ingesluit:
- Suidelike halfrond se aandeel in die jaarlikse sitrushandel het tot 27%, van 24% in 2019 toegeneem. 'n Totaal van 3,7 miljoen ton is in 2020 uitgevoer - 'n toename van 360 000 ton vanaf 2019. In 2012 was die suidelike halfrond op 20%.
- Handel in die EU-, VK- en VSA-markte het sterk gegroei; terwyl effense groei in die Midde-Ooste en Oos-Europa aangeteken is. Asië was aansienlik laer as die volumes van 2019; nadat dit die afgelope aantal jare met 60 000 ton per jaar gegroei het; die uitvoervolumes het in 2020 met 80 000 ton afgeneem.
- Die uitvoer van sagte sitrus vanaf die suidelike halfrond het in 2020 met 169 000 ton gegroei - meer as 2,4 keer die gemiddelde groei vanaf 2015 tot 2019. Dit was weens 'n toename van 108 000 ton na Noord-Amerika en 44 000 ton na EU27 + VK, en 'n verdubbeling van volumes na Midde-Ooste. Asië het 'n effense afname getoon.
- Suurlemoen-uitvoere vanaf die suidelike halfrond het met 120 000 ton toegeneem - EU27 + VK het met 59 000 ton toegeneem, die Midde-Ooste met 25 000 ton, Noord-Amerika met 13 000 ton en Oos-Europa met 19 000 ton.
- Die handel in lemoene vanaf die suidelike halfrond het met 53 000 ton toegeneem (1,7 keer die gemiddelde tussen 2015 en 2019). Die EU27 + VK het met 95 000 ton toegeneem, die VSA met 30 000 ton. Asië het met 30 000 ton afgeneem.
- Pomelo's is feitlik stabiel op 250 000 t. EU27 + VK het met 8 000 ton afgeneem en Asië met 9 000 ton.
- Gedurende die periode van 2016 tot 2020 het die suidelike halfrond se handel met 900 000 ton toegeneem. Twee derdes van die groei was vanuit Suid-Afrika, 15% uit Chili (meestal sagte sitrus), 14% uit Peru (meestal sagte sitrus) en 4% uit Australië (sagte sitrus en lemoene). Uruguay en Argentinië het 'n afname in die volume, wat oor hierdie tydperk uitgevoer is, aangeteken.
- Sitrusproduksie in die suidelike halfrond het tot 9,4 miljoen ton gestyg - 'n toename van 9% teenoor 2019. Alle lande behalwe Argentinië, het stygings in produksie aangeteken.
- As na 2021 gekyk word, word verwag dat sagte sitrus en lemoene met nog 200 000 ton sal toeneem, suurlemoene met 100 000 ton terwyl wit pomelo's weer amper stabiel is. Dit kom neer op 'n toename van 12% in die lemoen-uitvoere (vergeleke met 2020); 20% toename in sagte sitrus-uitvoere; 7% toename in suurlemoen-uitvoere en 10% toename in pomelo-uitvoere.
- Wat boorde in die suidelike halfrond betref, is die area onder lemoene (136 000 hektaar) en pomelo's (13 400 ha) stabiel. Suurlemoene het van 60 000 ha in 2012 tot 86 000 ha in 2020 toegeneem. Net so het sagte sitrus van 64 000 ha (2012) tot 85 000 ha (2020) toegeneem.
- As daar na die noordelike halfrond gekyk word - 2020/21 sal 'n gemiddelde tot ligte oes wees. Die produksie van die Mediterreense lande sal met 3% hoër as die 4-jaar gemiddelde wees; lemoene 6% af; suurlemoene af met 4% en pomelo's af met 13%. Vir die VSA is die produksie van sagte sitrus met 2% af; lemoene met 3% op; suurlemoene met 5% op en pomelo's af met 9%. Die produksie van China het min verander - geen verandering in sagte sitrus en 1% toename in lemoene.
- Wat die mededingende vrugte betref, voorspel Europa 'n baie kort steenvrugte-oes.

**GEPAK EN VERSKEEP**

Daar was 'n paar klein veranderinge aan die voorspellings vir 2021. Alhoewel lemoene bestendig bly, het die Pomelo Fokusgroep hul voorspelling met 1 miljoen kartonne verminder. Met 'n klein opwaartse aanpassing bly die voorspelling van die Sagte Sitrus Fokusgroep op 1 miljoen kartonne minder as wat geskat is; terwyl die Suurlemoen Fokusgroep se voorspelling met 200 000 kartonne verminder is.

| Tot einde Week 19 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2019 | 2020 | 2021 | 2020 | 2021 | 2021 | 2021 | 2020 |
| Pomelo's | 5.1 m | 6 m | 8.6 m | 3.4 m | 5 m | 18 m | 17 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 2.8 m | 3.6 m | 5.1 m | 2.5 m | 2.5 m | 30.5 m | 29.5 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 5.1 m | 11.5 m | 11.1 m | 9.2 m | 8.5 m | 30.2 m | 30 m | 29.6 m |
| Nawels | 0.9 m | 1.4 m | 2 m | 0.5 m | 0.5 m | 26.3 m | 26.3 m | 26.2 m |
| Valencias | 0.3 m | - | 0.1 m | - | - | 58 m | 58 m | 55.1 m |
| Totaal | 14.2 m | 22.5 m | 26.9 m | 15.6 m | 16.5 m | 163 m | | 150 m |